

N.G. Gemeente Vaalpark

**Gebedsbulletin no 20**

**19 Mei 2024**

## Die uitstorting van die Heilige Gees

**Die drie prominente gebeurtenisse in die geskiedenis van die Christendom is die geboorte en kruisdood van Jesus Christus asook die uistorting van die Heilige Gees op Pinksterdag (Hand 2). Daar is deur die eeue herhalings van die Pinksterdag-gebeure wat opwekkings binne die kerk meegebring het en as herlewings beskryf word. Hierdie herlewings het hernude bekragtiging, heiligmaking, duisende bekerings en ontsag vir God meegebring. Gemeenskappe is so kragdadig daardeur geraak dat misdaad opvallend afgeneem het.**

**'n Nasie geskud deur die krag van God**

**In 1857gryp die lou toestand van die kerk in Amerika Jeremiah Lanphier aan die hart. Dit dryf hom na gebed, maar slegs een lidmaat sluit by hom aan. Hulle volharding lewer later so 'n groot Goddelike opwekking op dat 3 000 mense per biddiens opdaag en herlewing in elke staat in Amerika uitbreek. R.A. Torrey skryf: "The whole emphasis was on PRAYER, and our whole nation was shaken by the power of God."**

**Daar was in hierdie herlewing van 1857-1858 bykans 50 000 bekerings per week. Wanneer skepe die gebiedswaters van Amerikaanse hawens binnegevaar het, het die Gees seevaarders onder kragtige sondeoortuiging gebring en is duisende nuwe bekeerlinge tot die koninkryk van God toegevoeg.**

**Die 1860-herlewing in Suid-Afrika**

**Herlewing het in die NG Kerk Worcester uitgebreek waar dr. Andrew Murray die predikant was. Tydens 'n biduur het 'n plaasmeisie gebid: "O, hoe lief het ek Jesus." Skielik was daar 'n veraf gedreun wat al nader kom. Die gebou het begin skud. Onder 'n geweldige en ondraaglike sondeoortuiging, het almal uitgeroep om vergifnis en genade. Mense het elke aand kom bid tot in die vroeë oggendure. Niemand kon die golf van herlewing stuit nie.**

**Bid vir herlewing**

**Herlewing is nodig wanneer die Kerk lou is, die liefde verkoel het, vertroue geskaad is, 'n wêreldse gees die Kerk betree het en hy sy invloed verloor het. Die Kerk het nie nuwe strukture, strategieë of predikers nodig nie. Dit het 'n nuwe uitstorting van die Heilige Gees nodig – 'n onkeerbare herlewingsvloed wat die Kerk en land sal skud met hemelse heerlikheid en krag. Laat ons ernstig BID en voorberei vir 'n lewensveranderende Pinkster-ervaring in Suid-Afrika, 'n herlewing soos nog nie tevore nie. – Rudi Briel**

**Gemeente en algemene voorbidding:**

- Vir ons predikante en hulle gesinne. Vir al die werksaamhede van ons gemeente.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart. SA draai terug na God toe!
- Vir ons skoliere en studente. Dat hulle hulle hoop in Christus sal vind.
- Vir die stemdag en aanloop daarna toe. Laat die Heiligees jou lei!

**Gebedsversoeke**

- Lottie Conradie
- Annie Brink
- Jaco Steenkamp
- Tannie Marinda Jordaan
- Johnny Viviers
- Annika Killian
- Leonie Kruger
- Annatjie Pienaar
- Jillian Jansen

Willie Britz
Tannie Rina van der Vyver
Rudi Kruger
Tannie Bets Coetzee
Alex Smith
Jaap Naudé
Willie Viljoen
Jurie Matthee
Adolf Wolmarans

**Gedagte vir die week**

**Never regret a day in your life:**
**Good days give happiness**
**Bad days give experience**
**Worst days give lessons**
**And Best days give memories**

**Stuur Gebedsversoeke aan:**

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org